eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2013

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 35 bladsye.**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.

2. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: Roman | (35) | Kies EEN vraag uit die afdeling/afdelings wat jy behandel het. |
| AFDELING B: Drama | (35) | |
| AFDELING C: Kortverhale | (35) | |
| AFDELING D: Gedigte | (35) | Kies TWEE vrae indien jy hierdie afdeling behandel het. |

3. Dui die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste wat julle behandel het op die inhoudsopgawe op bladsy 3 aan.

4. Lees dan die vrae oor hierdie TWEE letterkundetekste.

5. Kies die vraag wat jy wil doen, volg die instruksies en beantwoord die vrae.

   **LET WEL:** Indien jy AFDELING D (Gedigte) beantwoord, moet jy TWEE vrae uit hierdie afdeling kies.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

8. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

9. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling

10. Skryf netjies en leesbaar.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.

**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord net EEN vraag.

| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|---|
| 1. *Kringe in 'n Bos* | Opstelvraag | 35 punte | 4 |
| **OF** | | | |
| 2. *Kringe in 'n Bos* | Kontekstuele vraag | 35 punte | 4 |
| **OF** | | | |
| 3. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Opstelvraag | 35 punte | 8 |
| **OF** | | | |
| 4. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | Kontekstuele vraag | 35 punte | 8 |
| **OF** | | | |
| 5. *Meeulanders* | Opstelvraag | 35 punte | 12 |
| **OF** | | | |
| 6. *Meeulanders* | Kontekstuele vraag | 35 punte | 12 |

**OF**

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord net EEN vraag.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 7. *Poppie, die drama* | Opstelvraag | 35 punte | 16 |
| **OF** | | | |
| 8. *Poppie, die drama* | Kontekstuele vraag | 35 punte | 16 |
| **OF** | | | |
| 9. *Paljas* | Opstelvraag | 35 punte | 20 |
| **OF** | | | |
| 10. *Paljas* | Kontekstuele vraag | 35 punte | 20 |

**OF**

**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord net EEN vraag.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 11. *Agter 'n baard* | Opstelvraag | 35 punte | 24 |
| **OF** | | | |
| 12. *Die storie van Piet se oupa* | Kontekstuele vraag | 35 punte | 24 |

**OF**

**AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord die vrae oor enige TWEE van die gedigte.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13. Brief | Kontekstuele vraag | 17½ punte | 28 |
| **OF** | | | |
| 14. Die hanswors | Kontekstuele vraag | 17½ punte | 30 |
| **OF** | | | |
| 15. things that go bump in the night | Kontekstuele vraag | 17½ punte | 32 |
| **OF** | | | |
| 16. Wie's Hy? | Kontekstuele vraag | 17½ punte | 34 |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: ROMAN

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van die rol wat die volgende mense in Saul se lewe gespeel het:

- Maska as hart-broer
- MacDonald as werkgewer
- Abraham Steyn as leermeester

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê. **[35]**

**OF**

### VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> "Ons moet net eers 'n rukkie wag en kyk of dit nie opklaar nie," het hy nogtans uitstel probeer soek. "Gaan lê in die tent dat jou oë dit nie sien nie."
>
> "Nee! Help my, Barnard! Kry my hier uit!"
>
> Toe hy hom die beker tee in sy hand gee, het Saul vir die eerste keer werklik geskrik. Patterson het die kokende tee uit sy hand laat val, oor sy bene, en dit skynbaar nie gevoel nie. 'n Bang man is een ding, 'n man wat van vrees aan die mal raak is, 'n ander ding. En hy het deur die as en die tee gekruip om Saul weer om die enkels beet te kry.
>
> "Staan op, Patterson! Jy smeer jou vuil!"
>
> "Help my! Help my! Help my!"
>
> Dit was aardig. En die plan het skielik in Saul opgekom. Sonder skroom en skuldgevoel. "Patterson!" Hy het afgebuk en hom op sy voete gehelp. "Kyk na my! Ons kan oppak en omdraai, ons gaan terug dorp toe, Patterson! Hoor jy wat ek sê?"
>
> "Help my, Barnard!"

2.1 Waar is die "hier" waarna Patterson verwys? (Reël 3) (1)

2.2 Watter leuen oor hoekom Patterson Bos toe moes gaan, het MacDonald vir Saul vertel? (1)

2.3 Watter werk het Patterson gedoen voordat hy Bos toe gekom het? (1)


Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

MacDonald het Saul gevra om Patterson Bos toe te neem omdat ...

A MacDonald vir Saul van Kate af wou weghou.
B Saul die Bos goed geken het.
C Saul geweet het waar die goud was.
D MacDonald vir Saul in sy mag wou hou. (1)

2.5 Wat was MacDonald se planne indien Patterson goud sou vind? (1)

2.6 Gee EEN rede waarom Patterson, volgens die uittreksel, so bang was. (1)

2.7 Het jy simpatie met Patterson se optrede in reël 5–15? Motiveer jou antwoord. (1)

2.8 Wat, dink jy, is die rede vir die herhaling van die woorde "Help my!" in reël 10 en 15? (1)

2.9 Saul het besluit om Patterson te help om terug te gaan dorp toe.

2.9.1 Op watter voorwaarde het Saul besluit om Patterson te help? (1)

2.9.2 Dink jy dit was reg dat Saul 'n voorwaarde gestel het om Patterson te help? Motiveer jou antwoord. (1)

2.10 Watter plan het Saul gemaak om Patterson veilig tot by oom Martiens-hulle te kry? (1)

2.11 Gee DRIE feite wat aanleiding tot Arend se dood gegee het. (3)

2.12 Saul en Joram se siening oor die delf van goud het verskil.

2.12.1 Wat was Saul se siening oor hierdie gouddelwery? (1)

2.12.2 Wat was Joram se siening oor hierdie gouddelwery? (1)

2.13 Watter keerpunt het Arend se dood in Saul se lewe gebring? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| | |
|---|---|
| 1 | Die gebied waar die delwers was, het later te groot geword om elke |
| 2 | Sondag na te loop en te bespied. Hy het toe maar om die beurt in elke rigting |
| 3 | waar hy geweet het delwers is, geloop. As hy 'n geweer had, het hy sekerlik 'n |
| 4 | klompie van hulle geskiet! |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

"Is dit nodig dat julle die hele Bos moet uitroei om by die goud te kom!?" kon hy hom een Sondag nie bedwing nie. Duskant 'n tent, teen 'n jong kalander was die bokskedels in rye vasgespyker, en asof hulle kleur aan die uitstalling wou gee, is die oopgespreide loerievlerke tussenin vasgemaak. Op die vuurhouthoop het net stinkhout opgestapel gelê. En toe wil die Ier hom nog vererg ook.

"Kyk hierso, Dutchman, jy het niks met ons te doen nie! Kry jou loop en loop kap jou hout!"

"Hier is genoeg dooihout in die Bos om mee vuur te maak," het Saul hom ingelig, "maar julle maak met die skaarsste hout in die Bos vuur en kom sê vir my ek het niks daarmee te doen nie?"

Daar was drie van hulle by die tent. "Ons het nie jou opinie gevra nie!" skree een van die ander twee. Saul het geweet hy gaan sy hande op daardie Sabbatdag laat sonde doen.

2.14 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (2.14.1–2.14.4) en die antwoord neer.

houtkappers; olifantjagters; bosbewaarders; verraaiers; goudkopers; gouddelwers; houtkopers; spioene

Dit was Harison, een van die (2.14.1) ... wat Saul vir die eerste keer bewus gemaak het van die belangrikheid van die bewaring van bome. Harison het met die (2.14.2) ... hieroor gepraat. Hulle kon hul houtlisensies verloor het as hulle die verkeerde bome afgekap het. Dit was egter die (2.14.3) ... van Knysna en die (2.14.4) ... wat van oral af ingestroom het, wat hulle nie aan Harison se uitsprake gesteur het nie. Hulle het nie omgegee dat die Bos uitgeroei word nie. (4)

2.15 Arend het heeltyd geglo dat Saul onskuldig was.

2.15.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

2.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.15.1. (1)

2.16 Al hoe meer delwers het die Bos binnegekom. Saul het die delwers probeer bangmaak om hulle uit die Bos weg te kry en die Bos te beskerm.

2.16.1 Op watter TWEE maniere het Saul die delwers op hierdie stadium probeer bangmaak? (2)

2.16.2 Het Saul reg teenoor die delwers opgetree? Motiveer jou antwoord. (1)

2.16.3 Op watter ander aanvaarbare manier, dink jy, kon Saul ook probeer het om die delwers uit die Bos te kry? (1)

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.17 Saul en Peter Crompton het mekaar ontmoet toe **Saul besig was om die delwers uitmekaar te jaag**.

2.17.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

2.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.17.1. (1)

2.18 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (2.18.1–2.18.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.18.1 | ... het vir Saul baie oor die Bos geleer. | A | Stopforth |
| 2.18.2 | ... het Saul se eerste goud gekoop. | B | Steyn |
| 2.18.3 | ... was die bestuurder van 'n mynmaatskappy. | C | Joram |
| | | D | Barkley |
| 2.18.4 | Saul het by ... geleer hoe om meubels te maak. | E | Terblans |

(4 x 1) (4)

2.19 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Saul is later in die hoë sosiale kringe van Knysna aanvaar, want hy ...

A kon meubels maak.
B het ryk geword.
C was 'n houtkapper.
D was snobisties. (1)

2.20 Aan die einde van die verhaal het Saul besluit om in die Bos te bly. Watter waarde het hierdie besluit van Saul vir die Bos gehad? (1)
**[35]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

**VRAAG 3: OPSTELVRAAG**

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Skryf ŉ OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van Mana as unieke karakter.

Jy moet in jou opstel verwys na:

- Mana se idees oor ŉ pa vir Hanna en Tibo
- Mana wat anders as ander ma's was
- Mana se kleredrag

Jou opstel moet ŉ inleiding en ŉ slot hê. **[35]**

**OF**

**VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG**

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> ... Ek is besig om aan die slaap te raak. Ek voer ŉ eensame stryd teen ŉ bose koningin wat almal om haar betower.
>
> Behalwe vir my. Wees verseker, liewe leser. Hanna Heks gaan haar nie laat betower nie!
>
> Dit voel soos ŉ droom. Vir die eerste keer in tien dae word ek nie douvoordag deur Beyers uit die bed geboender nie. Ek word saggies wakker van ŉ opgewonde fluister in my kamer. Toe ek my oë oopmaak, staan hulle almal langs my bed, Sharon heel voor met haar Julia Roberts-glimlag en ŉ volgelaaide skinkbord in haar hande, die ander om haar saamgedrom. En hulle sing vir my!
>
> "Veels geluk, liewe maatjie ..." sing hulle almal saam, uit volle bors, party taamlik vals.
>
> Selfs Yann sing saam. Met ŉ spottende trek om sy mond, asof hy my wil waarsku om dit asseblief tog net nie ernstig op te neem nie. Die blonde koningin sing ook saam. Nie spottend nie. En ook nie vals nie. Om die waarheid te sê, sy het ŉ fantastiese stem. Sy laat die afgesaagde verjaarsdagliedjie soos ŉ kabaretnommer klink. Ek vee die slaap uit my oë en trek my vingers deur my hare en ek hoop ek lyk nie té afskuwelik nie. Ek wil hulle nie afskrik voor hulle kans gekry het om hulle presente te oorhandig nie. Hulle hou omtrent almal geskenkpakkies vas. Nie Yann nie (natuurlik nie) maar al die ander. Selfs Margot.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

... het vir Hanna "Hanna Heks" genoem.

A Sharon
B Mana
C Yann
D Beyers (1)

4.2 Yann en Hanna se verhouding het verbeter. Gee TWEE feite deur te verwys na die oggend van Hanna se verjaarsdag. (2)

4.3 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Margot en Sharon wou Hanna grimeer, want Hanna het haarself altyd beskryf as ŉ (blonde pop met ŉ brein/gemiddelde vaal meisiekind). (1)

4.4 Gee DRIE redes waarom Hanna vir Margot die "**bose** koningin" genoem het. (Reël 1–4) (3)

4.5 Kies elke keer die persoon uit KOLOM B wat by die geskenk in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (4.5.1–4.5.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.5.1 | Sjokolade | A | Gavin |
| 4.5.2 | Grimeerstelletjie | B | Beyers |
| 4.5.3 | ŉ Bundeltjie met sonnette | C | Margot |
| 4.5.4 | ŉ Grys oortrektrui | D | Amos |
| | | E | Sharon |

(4 x 1) (4)

4.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Hanna het gevoel dat haar pa haar nie geken het nie, want hy het die vorige keer vir haar ŉ ... as geskenk gegee waarvan sy nie gehou het nie.

A cashmere trui
B grys oortrektrui
C stywe jeans
D stywe slangvelbroek (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.7 Vertel hoe Margot die volgende karakters beïndruk het:

4.7.1 Tibo (1)

4.7.2 Sharon (1)

4.8 Mana het vir Hanna op haar vyftiende verjaarsdag ŉ boek as geskenk gegee.

4.8.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

4.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.8.1. (1)

4.9 Gavin wou graag by Hanna se verjaarsdag wees.

4.9.1 Waarom was dit vir Gavin moontlik om Hanna se verjaarsdag by te woon? (1)

4.9.2 Wat het Gavin gedoen om Hanna se verjaarsdag vir die hele gesin spesiaal te maak? (1)

4.10 Hoe het Gavin se voorkoms verskil van toe hy by die berghuis opgedaag het en hoe hy gewoonlik gelyk het? (2)

4.11 Watter karaktereienskap van Gavin het Margot met Gavin se aankoms waardeer? (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

"Maar dis nie ... dit kan tog nie ... dis mos heeltemal te vroeg?" stotter Beyers, sy gesig doodsbleek.

"Hanna is ook ŉ paar weke vroeg gebore," sê Mana terwyl sy weer stadig regop sit.

"As ek dit geweet het," roep Beyers uit, "het ek nóóit hier op die berg kom vakansie hou nie!"

"Ek het nie geweet ons gaan vasgereën word nie, Bey. Ek het gedog as iets gebeur, sal ek wel betyds by ŉ hospitaal kan uitkom ..."

"En nou?" Beyers hap na lug soos een wat besig is om te verdrink. Ek het hom nog nooit so paniekerig sien lyk nie. "Wat nóú?"

"Wel, dit lyk nie of hierdie babatjie in ŉ hospitaal gebore gaan word nie," sê my ma met ŉ dapper glimlag.

"Maar waar ... wat gaan ons ... wat gaan gebeur?" stotter Tibo, amper so bleek soos Beyers.

"Dis te vroeg!" kerm Beyers.

"Hanna was ŉ gesonde baba, Bey, al het sy te vroeg opgedaag. Ek weet nie, miskien het ek my misgis met die datum. Jy weet hoe sleg is ek met datums ..."

4.12 Hoekom was Margot die ideale persoon om vir Mana met die baba se geboorte te help? (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.13 Wat het Gavin onthou van die eerste keer toe hy Hanna na haar geboorte gesien het? (1)

4.14 Watter naam sou Gavin vir Hanna gegee het as hy vir haar ŉ naam kon kies? (1)

4.15 Hanna het glad nie omgegee vir haar pasgebore babasussie nie.

4.15.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

4.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.15.1 deur spesifiek te verwys na Hanna se voorneme toe sy haar sussie gesien het. (1)

4.16 Hoekom wou Mana vir die babasussie ŉ naam gegee het wat iets met water te doen gehad het? (1)

4.17 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (4.17.1–4.17.4) en die antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| begrafnis; | konsert; | viertrekvoertuig; | rol; |
| partytjie; | onderhoud; | helikopter; | geboorte |

Aan die einde van die verhaal, na die baba se geboorte, was almal rustig. Sharon se pa het hulle met ŉ (4.17.1) ... kom haal. Margot sou betyds in Johannesburg wees vir haar (4.17.2) ... Gavin sou by die kinders agterbly en hulle aandag aflei met ŉ (4.17.3) ... Hanna het respek vir haar pa gekry, want sy het toe Mana se woorde verstaan dat hy selfs lewe in ŉ (4.17.4) ... kon blaas. (4)

4.18 Waarom hou die leser **aan die einde** van die verhaal meer van Margot as **aan die begin**? (2)

4.19 Hoe, dink jy, het hierdie roman gehelp om die idee oor stiefma's of stiefpa's te verander? (1)

4.20 Waarom, dink jy, was die wittebroodplan uiteindelik ŉ goeie idee? (1)
**[35]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

## VRAAG 5: OPSTELVRAAG

***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Skryf ŉ OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van die volgende rol(le) wat Fred en Schalk in Jacob Langhans se lewe gespeel het:

- Schalk Blanckenberg se negatiewe rol
- Fred Blanckenberg se negatiewe rol
- Fred Blanckenberg se positiewe rol

Jou opstel moet ŉ inleiding en ŉ slot hê. **[35]**

**OF**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Toe sy hoor hoe Jannerik buite in die tuintjie vroetel, gaan sy uit. Hy's besig om twee groot koolkoppe af te sny.

"Hoe laat is dit, Mama-Meeu?"

"Vieruur."

"Die Meeuw sal darem seker teen halfvyf inkom."

"Wil jy ŉ bietjie koffie drink, Jannerik?"

"Dankie, Mama-Meeu."

Hulle sit met hulle bekers koffie buitekant by die buitetafeltjie wat Attie aanmekaar getimmer het. Sy sien hoedat hy kort-kort met sy sakdoek oor sy oë vee en see toe kyk. "Miskien sal Twilight nie weer vir Pikkewyntjie wil laat gaan nie."

"Ek weet nie, Jannerik. Ek weet regtig nie."

Hy sug diep. "Mama-Meeu?"

"Ja, Jannerik?"

"Ons moet ŉ boom plant."

Sy kyk hom intens aan.

"Ousanna het eenmaal gesê dat ŉ mens ŉ boom moet plant wanneer mens pyn het. Dan groei die pyn in die takke in. En hoe groter lat hy word, hoe minder word mens se pyn."

"Glo jy dit, Jannerik?"

"Die Here gee ons wat ons norig het om te groei. As ons ŉ boom plant, sal ons kan sien hoelat ons gegroei het, dwarsdeur ons swaar tye. En dan sal hy hier staan ... vir eendag, wanneer ons nie meer hierso is nie."

"Sal ŉ boom hier groei, Jannerik?"

"Kykie koolkoppe, Mama-Meeu. Kyk ons petunias ..."


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.1 Vir wie het Jannerik en Ryna gewag om met Die Meeuw te kom? (Reël 5) (1)

6.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Jannerik se diep sug (reël 12) het daarop gedui dat hy ... was.

A geskok
B hartseer
C teleurgesteld
D onbedagsaam (1)

6.3 Waarom het die karakters ook ander name soos Mama-Meeu, Twilight en Pikkewyntjie in die roman gehad? (1)

6.4 Jannerik was bang dat Elsabet vir Janka van die eiland af sou wegvat. Het Jannerik rede gehad vir hierdie vrees? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

6.5 Hoekom het Jannerik op hierdie stadium aan Ousanna se woorde gedink? (Reël 16–18) (1)

6.6 Gee TWEE voorbeelde uit Jannerik se lewe waar die volgende woorde van Ousanna waar geword het: "En hoe groter lat hy word, hoe minder word mens se pyn." (Reël 17–18) (2)

6.7 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (6.7.1–6.7.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.7.1 | Jannerik se suster wat sy omstandighede geken het | A | Miena |
| | | B | Kinnie |
| 6.7.2 | Jannerik het hierdie karakter vertrou en hulle was sielsgenote. | C | Ousanna |
| 6.7.3 | Jannerik se kleinkind | D | Ryna |
| 6.7.4 | Jannerik se dogter wat 'n getroude man se kind gekry het | E | Janka |

(4 x 1) (4)

6.8 Elsabet was 'n ongelukkige mens op die eiland. Hoe het Elsabet die eiland beleef? (1)

6.9 Gee 'n voorbeeld uit die verhaal wat aandui dat Elsabet vir Ryna as 'n vriendin beskou het. (1)

6.10 Waarom was dit vir Ryna die regte besluit om uit Kaapstad na Meeuland toe te kom? (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.11 Hoe het Ryna die eiland ervaar toe sy daar gebly het? (1)

6.12 Hoe het Schalk bygedra tot die hartseer in Ryna se lewe voordat sy uit die Kaap weg is? (1)

6.13 Ryna was nog baie hartseer oor haar man en seun se dood.

6.13.1 Waarom het Ryna, toe sy vir Daniel ontmoet het, na hom gestaan en staar? (1)

6.13.2 Hoe het Ryna se lewe ten opsigte van hierdie hartseer aan die einde van die verhaal verander? (1)

6.14 Kies elke keer die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die feit dat ʼn boom ook op Meeuland groei, simboliseer dat Meeuland ...

A ideaal was vir mense wat lief was vir tuinmaak.
B se grond vrugbaar was as gevolg van die ghwano.
C mense heel en gelukkig kon maak.
D ʼn ideale wegkruipplek was. (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Hy kyk haar magteloos aan. "Ryna ... ek dink nie ooit aan Janka as enigiemand anders se kind nie."

"Ek weet dit. Ek ook nie. Maar daar is feite ... wat ons in die gesig moet kyk ... en jy weet ... so goed as ek wat dit is."

Sy stem breek en dit word ondraaglik om hom so te sien. "Sy's myne."

Die woorde wat niemand nog ooit wou uitspreek nie, kom stadig oor haar lippe: "Wat gaan ons maak as sy miskien later verander en ... nie blank lyk nie? En haar maatjies spot haar. Wat dan?"

ʼn Diep pynlike woede breek in hom los. "Dan is sy nog altyd myne! Die Here weet dat ek nie omgee watse kleur sy is nie! Hy het haar vir ons voorsien. Hy sal verder ook voorsien." Hy draai effens weg van haar, druk sy vuis teen die muur en bly so staan met sy liggaam snaarstyf gespan. Sy kyk hom ʼn lang, ontsettende oomblik aan en sy voel ʼn oneindige deernis in haar opwel. Sy het behoefte om haar arms om hom te slaan en hom te troos.

"Jacob ..." Hy kyk haar gebroke aan. "Nag," sê sy en loop uit.

6.15 Jacob en Ryna het ʼn geheim met mekaar gedeel.

6.15.1 Watter geheim het Jacob en Ryna van die aand met die baba se geboorte af gedeel? (1)

6.15.2 Wie het ook hierdie geheim met Jacob en Ryna gedeel? (1)

6.15.3 Hoe het Ousanna van hierdie geheim geweet? (1)

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

6.16 Ryna wou Jacob met die feite oor Janka **seermaak**. (Reël 3)

6.16.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

6.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.16.1. (1)

6.17 Jacob ervaar "'n Diep pynlike woede". (Reël 9)

Vertel van DRIE hartseer gebeurtenisse in Jacob se lewe wat hierdie diep woede by hom veroorsaak het. (3)

6.18 Hoe word Jacob as gelowige mens in die uittreksel uitgebeeld? (1)

6.19 Attie het besluit om **vir altyd** op die eiland te bly.

6.19.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

6.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.19.1. (1)

6.20 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (6.20.1–6.20.4) en die antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| gastekamer; | skilderlesse; | navorsingstasie; | onderwys; |
| buitekamer; | tronkstraf; | opleidingstasie; | kontrak |

Meeuland speel 'n sentrale rol in baie karakters se lewens. Aan die einde van die verhaal het die Parkeraad besluit dat Meeuland as (6.20.1) ... gesluit moes word. Dit het 'n effek op baie karakters se lewens gehad. Jacob moes eers sy (6.20.2) ... uitdien. Ryna het op Salamanderbaai gaan bly en (6.20.3) ... gegee. Jannerik sou by Ryna in die (6.20.4) ... gaan bly. (4)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING B: DRAMA

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

### VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***POPPIE, DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel hoe die volgende vroue Poppie se lewe beïnvloed het:

- Ouma Hannie
- Mama
- Mrs Swanepoel

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê. **[35]**

**OF**

### VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***POPPIE, DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> POPPIE. Hulle het my 'n extension van ses maande gegee, maar toe ek ná ses maande weer daar kom, ek het toe nog nie werk gekry nie, want ek het al drie kindertjies tuis gehad en met my man se siekte was dit moeilik – toe kyk Mr Strydom my pas en hy sê:
>
> MR STRYDOM. Jy kwalifiseer nie hier in die Kaap nie. Jy is getroud met 'n man uit die Ciskei, jy moet Ciskei toe.
>
> POPPIE. Dit is die eerste keer dat ek dié woorde hoor. Ek het gedink: hulle het my hier na die Kaap toe gebring – hulle sal mos nie nou so sê nie. (*Draai na Mama.*) Mama ...
>
> MAMA. Ja, Poppie?
>
> POPPIE. ... Hulle wil my Kafferland toe stuur!
>
> MAMA. Dan moet jy sorg dat jy werk kry. As jy werk het, kan hulle jou nie wegstuur nie. Katie moet maar die skool los en jou kinders kom oppas.
>
> POPPIE. Nee, Mama – Katie moet nie haar skool verloor nie. Ek sal maar self klaarkom.

8.1 Poppie het gesê: "... hulle het my hier na die Kaap toe gebring." (Reël 8)

8.1.1 Wie was die "hulle" van wie Poppie gepraat het? (1)

8.1.2 Waarom, dink jy, was dit reg dat Poppie Lambertsbaai verlaat het? (1)

8.1.3 Waar in die Kaap moes die swart mense gaan bly het? (1)

8.1.4 Van watter wet het Poppie vir die eerste keer in die Kaap gehoor? (1)


Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

8.2 Watter soort werk het Poppie se man in Lambertsbaai gedoen? (1)

8.3 By watter plek in Phillipi het Stone werk aanvaar? (1)

8.4 Poppie was **baie bly** oor die werk wat Stone in die Kaap gekry het.

8.4.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

8.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.4.1 deur te verwys na Poppie se reaksie toe sy van Stone se werk gehoor het. (1)

8.5 Mama het gesê: "Katie moet maar die skool los en jou kinders kom oppas." (Reël 13)

8.5.1 Watter ooreenkoms is daar tussen Mama se plan in reël 13 en Poppie se kinderjare? (1)

8.5.2 Watter plan het Poppie met haar kinders gemaak? (1)

8.6 Watter TWEE vereistes het Poppie aan Mr Stevens vir haar nuwe blyplek gestel? (2)

8.7 Hoekom het Stone nie saam met Poppie-hulle na die Ciskei toe getrek nie? (1)

8.8 Kies elke keer die plek in KOLOM B wat by die sin in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.8.1–8.8.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.8.1 | Poppie het hier as kind met die dorpslewe kennisgemaak. | A | Mdantsane |
| 8.8.2 | Poppie het vir Stone hier ontmoet. | B | Lambertsbaai |
| 8.8.3 | Mr Stevens het gedink dit sou vir Poppie beter wees om daarnatoe te trek. | C | Upington |
| 8.8.4 | Poppie se skoonouers het hier gewoon. | D | Herschell |
| | | E | Nyanga |

(4 x 1) (4)

8.9 Daar was konflik tussen Poppie en Bonsile omdat Poppie vir Bonsile wou saamneem Ciskei toe en Bonsile by sy pa wou gebly het.

8.9.1 Met wie se standpunt (Poppie s'n of Bonsile s'n) stem jy saam? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

8.9.2 Was dit regverdig dat Stone nie deel van die besluit oor die kinders se verhuising na die Ciskei toe was nie? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

8.10 Die verskuiwing na die Ciskei was nie goed vir Poppie en Stone se verhouding nie. Motiveer die stelling. (1)

8.11 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (8.11.1–8.11.4) en die antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| hospitaal; | kerk; | inrigting; | kwekery; |
| melkery; | regering; | skool; | universiteit |

Die enigste manier waarop Poppie ŉ pas kon kry, was deur te bewys dat sy ŉ werk het. Haar eerste werk in die Kaap was by ŉ (8.11.1) ... waar sy ŉ inslaapwerk gekry het en lang ure vir min geld gewerk het. Toe Stone Kaap toe gekom het en ŉ werk gekry het, kon Poppie ŉ halfdagwerk vat en meer by haar kinders wees, maar Stone het siek geword en is in ŉ (8.11.2) ... opgeneem. Poppie was later moedeloos en het in die (8.11.3) ... gaan troos soek soos ouma Hannie haar geleer het. Na Stone se dood het sy deur Mrs Swanepoel, wie se man vir die (8.11.4) ... gewerk het, dit reggekry om ŉ wettige pas te verkry. (4)

8.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Poppie het voorgestel dat Bonsile na Stone se dood moes teruggaan skool toe, want ...

A sy kon nie vir hom ŉ werk by die garage-eienaar kry nie.
B hy sou nog meisies swanger gemaak het.
C Poppie was bang hy sou ook by die onrus betrokke raak.
D Poppie was bang hy mors haar geld op vreemde dinge in die Kaap. (1)

8.13 By wie het Poppie se twee dogters na Stone se dood gaan woon? (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

PLANK. Die kind was sieklik en verwaarloos, in die sorg van ŉ ou vrou wat vir geld kinders oppas. Die kind is makwena, agterlik, hy kruip nie, hy speel nie en hy ken nie mense nie, sê die ou vrou vir Poppie. Poppie het ŉ diep skaamte gevoel dat bloed van haar bloed soos ŉ weggooikind moet grootword.

POPPIE. Ek kan hom nie hier laat staan nie. Hy sal van honger en verwaarlosing doodgaan. Hy kan by Mosie en Rhoda in die huis bly, en Katie moet die skool los en hom oppas. En as ek dan vir Fezi nie kan terugneem Kaap toe nie en hy hier by Bonsile moet agterbly, dan is dit soos die Here dit beskik het. Die Here het my ŉ kindjie gegee, en Hy het een geneem.

8.14 Poppie het besluit dat Katie die skool moes los om Bonsile se kind op te pas. (Reël 7–8)

Waarom kan ŉ mens sê dat Poppie dus van besluit verander het as jy die stelling hierbo lees? (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

8.15 Poppie het in reël 10 gesê: "Die Here het my ŉ kindjie gegee, en Hy het een geneem."

8.15.1 Wat vertel hierdie woorde oor Poppie se geloof? (1)

8.15.2 Wat het Poppie bedoel met die woorde "en Hy het een geneem"? (1)

8.16 Dit was vir Vukile veiliger in die Kaap as in Mdantsane.

8.16.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

8.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.16.1 deur na Tweede Kersdag se gebeure te verwys. (1)

8.17 Toe Bonsile gebore is, het Poppie geglo: "iets het reggekom", maar sy het uiteindelik baie probleme met hom gehad.

Noem enige TWEE probleme wat Bonsile vir Poppie in die Ciskei veroorsaak het. (2)

8.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

In hierdie drama verteenwoordig Poppie die vrou wat ...

A haar kinders moes motiveer om vir hulle regte op te staan.
B in die afwesigheid van ŉ pa-figuur alle besluite moes neem.
C besef het dat sy nie haar kinders reg grootgemaak het nie.
D moes sukkel om ŉ werk en ŉ huis te kry. (1)

8.19 Hoe, dink jy, sou dit die verloop van die drama verander het as Poppie nie na die Ciskei toe getrek het nie? (1)
**[35]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

## VRAAG 9: OPSTELVRAAG

***PALJAS* – Chris Barnard**

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van die volgende verhoudings in die McDonald-gesin:

- Hendrik en Katrien
- Hendrik en Emma
- Hendrik en Willem

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê. **[35]**

**OF**

## VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

***PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

FRANS: Wat se stories?
THYS: Nee, allerhande goed. Hulle sê die kind toor glo.
PIETA: Daardie mannetjie is met die maan gepla.
FRANS: Wat? Net oor hy nie meer praat nie?
PIETA: Hoekom praat hy nie meer nie? Hulle sê Oudokter sê sy pa het sy tong uitgesny.
JAN MOL: Seker vir een of ander offerande.
FRANS: Wat?
JAN MOL: Hoor hier, ek het dit met my eie oë gesien hoe hulle offer en als. Ek sal julle nou die altaar gaan wys. Dis duiwelsgoed, man.
FRANS: Dis als bog.
THYS (*laai nog heeltyd sakke meel*): Nee, hulle sê hy loop heeltyd in die nag rond en hy sien gesigte en hy roep geeste op en offer dik snye brood vir die afgode.
SAKKIE: En hy maak die eienaardigste tekeninge van goed wat hy sien.
JAN MOL: Ek het dit met my eie oë gesien. Teen die mure van daardie ou murasie.
SAKKIE: Maar dis nog niks – jy moet sien hoe mal raak hy as mens naby sy plek kom. Dit kos 'n paar mense om hom vas te hou.

10.1 Wie is die "hulle" van wie Thys praat? (Reël 2) (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

10.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die eerste persoon wat stories in die dorp vertel het oor wat in die skuur aan die gang was, was ...

A ouderling Bothma.
B Sakkie du Toit.
C die dominee.
D Jan Mol. (1)

10.3 Frans het die skinderstories oor die McDonalds **geglo**.

10.3.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

10.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.3.1. (1)

10.4 Jan Mol het vir Frans gesê Frans sou niks verkeerds op die McDonalds se werf sien nie.

Wat het Jan Mol met hierdie woorde geïmpliseer? (1)

10.5 Waarom was die stories wat die mense oor die McDonalds vertel het, onregverdig? (1)

10.6 Waaroor het Frans en Jan Mol baklei? (1)

10.7 Watter ander karakter het ook al vir Hendrik van die stories op die dorp vertel? (1)

10.8 Nadat die stories oor die McDonald-gesin op die dorp vertel is, het Dominee by die McDonalds opgedaag.

Hoekom was die dominee se besoek aan die McDonalds ironies? (2)

10.9 Pieta het Oudokter in reël 5–6 verkeerd aangehaal.

Wat was volgens Oudokter moontlike oorsake van Willem se spraakprobleem? Gee TWEE oorsake. (2)

10.10 Waarom het Willem so mal geraak as mense naby sy plek gekom het? (Reël 18) (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

10.11 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (10.11.1–10.11.4) en die antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| speletjies; | draak; | nar; | toertjies; |
| olifante; | narrepak; | hase; | uniform |

Willem het op ŉ dag vreemde dinge begin doen. Die gesin was verstom oor die (10.11.1) ... wat Willem kon wys. Die tekening van die (10.11.2) ... wat Willem vir Katrien gewys het, het haar ook verbaas. Willem wou hê Katrien moes vir hom net so ŉ (10.11.3) ... maak soos in die tekening. Die kos wat Willem so geheimsinnig uit die huis gevat het, was glo altyd vir (10.11.4) ... (4)

10.12 Wat het Manuel met sy paljas in Willem se lewe reggekry? (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Drie, vier motors kom op die werf aan. Hulle ry stadig. Hulle hou langs mekaar stil – hulle kopligte verblindend op die huis. Hendrik verskyn op die werf. Hy staan vir die motorligte en kyk. Katrien kom tot langs hom, met Emma en Nollie agter hulle op die stoep.
>
> HENDRIK: Gaan in die huis in, Katrina. Julle almal.
>
> Die motorligte word die een na die ander afgeskakel. Dis Sakkie du Toit wat eerste uit sy motor klim. Nog twee motors kom aan en hou stil. Ouderling Bothma klim uit ŉ tweede motor en Thys Briekman uit die derde motor. Ander mense bly in die motors sit. Hendrik kom nader. Die drie mans stap na hom toe. Nog ŉ motor hou stil.
>
> HENDRIK: Naand ...
>
> Katrien en Emma-hulle gee nie pad nie. Hulle staan en kyk.

10.13 Die Volstruisdans was vir die McDonalds ŉ antiklimaks.

Verduidelik hierdie stelling deur te verwys na hulle **voorbereidings** en **aankoms** by die dans. Gee altesaam DRIE feite. (3)

10.14 Watter belofte het Emma ná die Volstruisdans van haar gesin gevra? (1)

10.15 Hoekom het Hendrik vir Katrien-hulle gevra om in die huis in te gaan toe die motors op die werf aangekom het? (1)

10.16 Wat was die rede vir die dorpsmense se besoek aan die McDonalds ná die Volstruisdans? (1)

10.17 Die kuiermense het vir Manuel by die McDonalds ontmoet.

10.17.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

10.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.17.1. (1)

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

10.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Willem het op die windpomp geklim, want dit het vir hom die simbool van ... geword.

A gesag
B opstand
C vrede
D waardering (1)

10.19 Hoekom het Willem vir Manuel aan die einde van die drama nie meer nodig gehad nie? (1)

10.20 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (10.20.1–10.20.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 10.20.1 | "Jy't gesê lag is beter as huil." | A | Hendrik |
| 10.20.2 | "Dis Willem s'n. Hy moet leer om dit te speel." | B | Willem |
| | | C | Emma |
| 10.20.3 | "Ek praat. Ek praat heeltyd. Ek is al een wat praat!" | D | Manuel |
| 10.20.4 | "Hulle jaag ons soos melaatses van die Volstruisdans af weg, maar ons moet maak of niks gebeur het nie." | E | Katrien |

(4 x 1) (4)

10.21 Watter aanduiding was daar aan die einde dat Manuel se paljas ook in Emma se lewe gewerk het? (1)

10.22 Hoe het die drama vir Hendrik en Katrien op Toorwater op 'n positiewe manier geëindig? (1)

10.23 Wat het hierdie drama jou geleer oor kommunikasie in 'n gesin? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING C: KORTVERHALE

**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**

***STORIEJOERNAAL***

### VRAAG 11: OPSTELVRAAG

***Agter 'n baard* – Hennie Aucamp**

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van die rol wat Deon se baard in die verhaal gespeel het.

Jy moet in jou opstel verwys na:

- Deon se aankoms op die stasie
- Die gesin se reaksie op Deon se baard
- Die gebeure nadat Deon die baard afgeskeer het

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê. **[35]**

**OF**

### VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

***Die storie van Piet se oupa* – Abraham H de Vries**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> "Hier by ons op die plaas wou Oupa mos nie bly nie. Hy lewe darem ook nog, het hy gesê. Nou praat ek uit die huis uit en hy sal seker stry, maar dis die reine waarheid. Pa het dié Sondag ná kerk van die dorp af uitgekom hier na ons toe. Maar daardie middag toe pak die ongedurigheid hom en toe ek weer sien, is hy uitgevat en blink gevryf vir gaan kuier. Die volgende oggend vroeg toe ek op pad is veepos toe, halfvyf, toe dog ek wie kom kuier dan hierdie tyd van die oggend? Want toe kom daar bo van die teerpad af darem 'n bekende motor met die deurpad in. En háástig! Dog seker hy kon inkom voor die huismense opstaan ..."
>
> "Dog g'n niks, Thys," sê Oupa bedaard. "Dit was twee-uur. Ek is eenuur op Calitzdorp weg. G'n mens kan slaap by daardie kerkklok nie. Hy lawaai elke kwartier. Toe ry ek maar." Ja en toe bloos daardie weduwee met die netjiese bolla wat langs hom sit bloedrooi, maar sy sê kliphard: "Dis waar, ek het op my horlosie gekyk toe ek hom hoor opstaan in die vrykamer!"
>
> Ramkat! dog die kuiermense, en jy kan aan hulle gesigte sien hulle dink: Ramkat, daardie oumatjie is Oupa se toom. Sy gaan hom mak maak.

12.1 Hoe het Oupa die plaaslewe ervaar? (1)

12.2 Waarom het Oupa 'n partytjie gehou? (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

12.3 Wie se huis was naby die kerkklok? (1)

12.4 Hoekom het die weduwee gebloos? (Reël 12) (1)

12.5 Was die humoristiese manier waarop Piet sy oupa beskryf het, vir jou effektief? Motiveer jou antwoord. (1)

12.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die woord "Ramkat" druk ... uit.

A geluk
B bewondering
C jaloesie
D pyn (1)

12.7 Waarom het Oupa nie met die weduwee getrou nie? (1)

12.8 Die weduwee in VRAAG 12.7 was die **laaste** vrou in Oupa se lewe.

12.8.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

12.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.8.1. (1)

12.9 Dit het Oupa gepas dat die matrone een keer per week gaan kaart speel het.

12.9.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

12.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.9.1. (1)

12.10 In die verhaal word daar na Oupa en Doon as "karperde" verwys.

12.10.1 Wat beteken hierdie metafoor? (1)

12.10.2 Gee TWEE voorbeelde uit die verhaal wat die metafoor ondersteun. (2)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> ... Toe hy die eerste tjoppie sny, het hy nog gesê: "Aitsa, nogal nie min nie!" Maar net toe hy die eerste happie in sy mond steek, toe skuif hy só saggies van die stoel af dat Trudie, wat weggekyk het, vra: "Waar's Oupa nou?" Toe lê Oupa al op die vloer.
>
> 'n Matrone skrik nie maklik vir 'n floutetjie nie, maar dit moet die manier gewees het waarop Oupa lê wat Trudie laat skrik het. Gelukkig maar, net toe Doon die tafel wegskuif, toe staan 'n ander verpleegster langs hom wat hulp in sulke tye van nood geken het. Dis sy wat toe haastig alles wat sy weet,


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

probeer: druk en voel en pomp sy bors en kyk op die horlosietjie wat voor haar bors vasgegespe was. Tot sy later opkyk en vir Doon sê: "Miskien moet jy die eienaar gaan roep. Ons het Oupa verloor."

Hulle is met Oupa daar uit na die kelners se ruskamertjie toe net langs die kombuis. Om die ander restaurantmense nou nie te veel te ontstel nie. "Hart," het die verpleegster gesê en Trudie aan die skouer gevat.

12.11 Wat het Trudie vir hulle by die restaurant bestel? (1)

12.12 Waarom het Trudie gesê dat Oupa in die hoek moes sit? (1)

12.13 Die verpleegster het gesê: "Ons het Oupa verloor." (Reël 11)

12.13.1 Wat het die verpleegster daarmee bedoel? (1)

12.13.2 Hoekom was dit effektief om hierdie woorde te gebruik? (1)

12.13.3 Watter beeldspraak het sy gebruik? (1)

12.14 Trudie was ŉ praktiese persoon.

Gee ŉ voorbeeld ná Oupa se "dood" om dit te bewys. (1)

12.15 Voltooi die paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (12.15.1–12.15.4) en die antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| stopstrate; | gate; | padwerke; | hart; |
| pols; | toetse; | ongelukke; | operasies |

Op die pad waarop die ambulans gery het, was daar (12.15.1) ... aan die gang en daar was baie (12.15.2) ... Die ambulansbestuurder het vinnig gery en dit het Oupa rondgeskud. Gelukkig het dit Oupa se (12.15.3) ... weer laat klop. Die dokters het allerhande (12.15.4) ... gedoen en kon niks fout met Oupa vind nie. (4)

12.16 Waaruit kan die leser aflei dat die ambulansman en die bestuurder geskrik het toe hulle die ambulansdeur by die hospitaal oopgemaak het? (2)

12.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Oupa het die snaakse gewoonte gehad om sy ... te draai as hy gelukkig was.

A wenkbrou
B snor
C horlosie
D ring (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

12.18 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (12.18.1–12.18.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 12.18.1 | ... was op pad met Oupa se kis na Trudie-hulle toe. | A | Matthys |
| 12.18.2 | ... het vir Trudie geskakel om Oupa te kom haal. | B | Piet |
| 12.18.3 | ... het nie geglo dat Oupa 'n bejaarde was nie. | C | Die restauranteienaar |
| 12.18.4 | ... het met perde geboer. | D | Die dokter |
| | | E | Doon |

(4 x 1) (4)

12.19 Is Oupa se gedrag stereotiperend van alle tagtigjarige mans? Motiveer jou antwoord. (1)

12.20 Verwys na die slot van die verhaal.

12.20.1 Waarom kan 'n mens die slot as **verrassend** beskryf? (1)

12.20.2 Waarom kan 'n mens die slot as **humorisities** beskryf? (1)

12.21 Noem EEN les wat jongmense uit Oupa se lewe kan leer. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING D: GEDIGTE**

**BEANTWOORD TWEE VAN DIE VOLGENDE VRAE.**

***VERSJOERNAAL***

**VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Brief – R Fernel Abrahams**

Mammie, ek skryf ook vir Ma ŉ kaalvoet gedig
sommer so, nes Antjie
maar ek gebruik soms leestekens
en ek sal nie vir Mamma "jy" sê nie
want dit hoort vir my
nes plastiekblomme en wit skoene
nie by Ma nie.

Ek het grootgeword, weet Ma –
ek skrik soms vir myself
want my skoolbaadjie pas nie meer nie
my hare is lank
ek wil ŉ oorring dra
ek bid byna nooit nie
en ek glo nie sommer net in God nie
ek dink, praat, skryf selfs oor die dood
– ek wonder of Ma van my verse sal hou –

Ek weet Ma sou wou hê ek moes klein bly –
en ek het nie
kon nie
'skuus Mammie
maar ek is nog Ma se kind
grootmenskind
anderster kind

13.1 Aan wie skryf die spreker die brief? (½)

13.2 Wat beteken ŉ "kaalvoet gedig" in hierdie konteks? (1)

13.3 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die woord "maar" in versreël 3 dui aan dat hierdie gedig (dieselfde/anders) as Antjie se gedig is. (1)

13.4 Hoekom noem die spreker sy ma nie "jy" nie? (1)

13.5 Noem die eerste fisiese bewys in die gedig dat die spreker grootgeword het. (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

13.6 Waarom, dink jy, is dit reg dat die spreker sy gevoelens oor verskillende sake met sy ma deel? (1)

13.7 Kies elke keer die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die feit dat die spreker sy ma "mamma" en "mammie" genoem het, dui op die spreker se ...

A irritasie.
B vrees.
C liefde.
D verlange. (1)

13.8 Waaroor het hierdie spreker gedigte geskryf? (1)

13.9 Hoe het die spreker se idee oor godsdiens van kleintyd tot nou verander? (2)

13.10 Die spreker **het geweet** dat die ma van sy "verse" sou hou.

13.10.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

13.10.2 Haal EEN WOORD aan om jou antwoord op VRAAG 13.10.1 te motiveer. (1)

13.11 Wat is die funksie van die aandagstrepe aan die begin en einde van versreël 16? (1)

13.12 Waarom, dink jy, het die spreker die woord "kind" in die laaste strofe herhaal? (1)

13.13 Kies telkens die woord uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (13.13.1–13.13.3) en die letter (A–D) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 13.13.1 | Dit wys op die rebelsheid van die spreker. | A | bid |
| 13.13.2 | Die spreker assosieer nie sy ma daarmee nie. | B | 'skuus |
| | | C | oorring |
| 13.13.3 | Dit dui daarop dat die spreker jammer is dat hy nie kan wees wie sy ma wou hê hy moes wees nie. | D | plastiekblomme |

(3 x 1) (3)

13.14 Watter les kan ouers uit hierdie gedig leer? (1)
**[17½]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Die hanswors – SJ Pretorius**

Oor sy afsigtelike boggel
en kromheid, het hul hom gekoggel,
en bitterder was hul venyn
as sy vergroeide ruggraatpyn.

Tussen die diere in ʼn hoek
het hy die eensaamheid gesoek:
"Met klere wat gedurig gaar is,
Wat doen die vent met sy salaris?"

Hy't maandeliks by die poskantoor
ʼn brief gepos of een gelees
by die dierkratte, oor en oor:
"Sou daar tog êrens iemand wees?"

En daardie ewige reuk en drank:
nie een sou huil as hy bedank,
maar waar hy in die sirkustent
aapagtig teen die firmament,
hoog teen die takelwerk, kon klouter,
die dood uittart, en, klein kabouter,
sy duiwelstreke uithaal onder
dat almal skater van die wonder,
is hy, hoeseer verag, verlate,
nog deur die baas beskou as bate.

Toe het ʼn brief gekom eendag ...
Hy't oor die bed gebuk, verblind,
terwyl ʼn boggelvroutjie, sag,
sterwend fluister: "Dankie my kind ... "

eduresourceza.com

14.1 Gee ʼn ander woord vir "hanswors". (½)

14.2 Watter woord in strofe 1 dui aan dat die hanswors se krom rug lelik was om na te kyk? (1)

14.3 Die hanswors se pyn was **fisies** en **emosioneel**. (Strofe 1)

14.3.1 Wat was die rede vir sy fisiese pyn? (1)

14.3.2 Wat was die rede vir sy emosionele pyn? (1)

14.4 Haal EEN WOORD uit strofe 2 aan wat daarop dui dat die ander mense sonder respek van die hanswors gepraat het. (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

14.5 Mense het oor die hanswors geskinder.

14.5.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

14.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 14.5.1 in jou EIE woorde. (1)

14.6 Waarom, dink jy, het die hanswors begin drink? (1)

14.7 Kies elke keer die letterkundige begrip uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (14.7.1–14.7.3) en die letter (A–D) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 14.7.1 | "hy't" | A | paarrym |
| 14.7.2 | "Toe het 'n brief gekom eendag ..." | B | hiperbool |
| 14.7.3 | "hoog teen die takelwerk, kon klouter, die dood uittart, en, klein kabouter" | C | elisie |
| | | D | ellips |

(3 x 1) (3)

14.8 Hoe het mense gereageer toe die hanswors sy "duiwelstreke" uitgehaal het? (1)

14.9 Wat het die hanswors "verblind"? (Versreël 24) (1)

14.10 Waarom is dit effektief dat die verkleiningsvorm "boggelvroutjie" (versreël 25) gebruik word? (1)

14.11 Watter TWEE OPEENVOLGENDE woorde dui op die familieband tussen die "boggelvroutjie" en die hanswors? (Strofe 5) (1)

14.12 Waarvoor, dink jy, het die sterwende vrou die hanswors bedank? (1)

14.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die stemming in hierdie gedig is ...

A vrolik.
B rustig.
C hartseer.
D nostalgies. (1)

14.14 Die hanswors het in sy werk aangebly terwyl die ander werkers hom sleg behandel het.

Hoe sou jy opgetree het as jy in dieselfde posisie as die hanswors was? (1)
**[17½]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**things that go bump in the night – Rosa Keet**

jy los my alleen
in 'n huis vol geluide
en hoe minder ek probeer luister
hoe harder klink die klank
van 'n onbekende voetstap
op die donker trap
bang vaak verdwaal ek laat
in die gange op soek
na slaap
wat om elke naghoek verdwyn
ek skrik
vir die naaldekokerstraatlig
deur skaars bewegende blare
jou jas aan die kapstok
is 'n man sonder bene
ek is bang
vir die stofsuierslang
op die vloer van die spens
en tot jy terugkom
sleep ek my vlees
soos 'n kis agter my aan

15.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die titel van hierdie gedig verwys na (dinge wat jy jou verbeel/dinge wat werklik gebeur). (½)

15.2 Waarom was die spreker ongelukkig om alleen in die huis te wees? (Versreël 1) (1)

15.3 Waar kom die geluid van die voetstap, volgens die spreker, vandaan? (1)

15.4 Waarom is die gebruik van die gehoorsintuig effektief in hierdie gedig? (1)

15.5 Watter ironie is daar in versreël 7–9? (2)

15.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die sterkste emosie wat die spreker ervaar, is ...

A woede.
B vrees.
C bitterheid.
D magteloosheid. (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

15.7 Verwys na versreël 11.

15.7.1 Waarom word versreël 11 alleen geplaas? (1)

15.7.2 Haal ŉ ander versreël aan wat ongeveer dieselfde as versreël 11 beteken. (1)

15.8 Die spreker sal uiteindelik nie meer bang wees nie.

15.8.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

15.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 15.8.1 in jou EIE woorde. (1)

15.9 Kies elke keer die letterkundige begrip uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (15.9.1–15.9.3) en die letter (A–D) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 15.9.1 | "<u>b</u>ewegende <u>b</u>lare" | A | assonansie |
| 15.9.2 | "bang v<u>aa</u>k verdw<u>aa</u>l ek l<u>aa</u>t" | B | alliterasie |
| 15.9.3 | "sleep ek my vlees<br><u>soos</u> ŉ kis agter my aan" | C | personifikasie |
| | | D | vergelyking |

(3 x 1) (3)

15.10 In watter vertrek is die stofsuier gebêre? (1)

15.11 Verwys na versreël 17.

15.11.1 Waarmee word die pyp van die stofsuier vergelyk? (1)

15.11.2 Waarom is die herhaling van die "s"-klank in die woord "stofsuier-slang" effektief? (1)

15.12 Waarmee word die woord "kis" (versreël 21) geassosieer? (1)
**[17½]**

**OF**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**Wie's Hy? – Adam Small**

Die poet,
wie's hy?
Djulle het so baie bek oorie poet,
ma wie's hy?
Is hy rêrag soes djulle dink
die ou moerie pen ennie ink
wat in sy study sit en poems dink?

Nai,
djulle's mistaken,
nie hy nie
ma djúlle is die poets,
djulle wat innie straat in loep
ennie gladde bek verkoep
ma die dinge sien
en soema net daa God tien hulle roep!

eduresourceza.com

16.1 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Hierdie gedig is in (vrye vers/gebroke rym) geskryf. (½)

16.2 Gee die Standaardafrikaans vir die woord "ma". (Versreël 4) (1)

16.3 Waarom is die herhaling van die vraag "wie's hy?" effektief? (1)

16.4 Wat beteken die woorde "het so baie bek" (versreël 3) in die konteks van hierdie gedig? (1)

16.5 Watter TWEE verkeerde idees het mense oor die tradisionele digter? (Strofe 1) (2)

16.6 Waarom praat die spreker van "die ou"? (Versreël 6) (1)

16.7 Waarom is die alleenplasing van die woord "nai" (versreël 8) so effektief? (1)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

16.8 Kies elke keer die aanhaling uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (16.8.1–16.8.3) en die letter (A–D) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 16.8.1 | Die man op straat | A | "straat" |
| 16.8.2 | Die tradisionele digter | B | "djulle" |
| 16.8.3 | Die plek waar die tradisionele digter werk | C | "die ou" |
| | | D | "study" |

(3 x 1) (3)

16.9 Die boodskap in hierdie gedig is dat net tradisionele digters gedigte kan skryf.

16.9.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

16.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 16.9.1. (1)

16.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die woorde "gladde bek verkoep" (versreël 13) beteken om ...

A snaakse sêgoed te hê.
B onverstaanbare goed te sê.
C vreemde idees te hê.
D bekende gedigte op te sê. (1)

16.11 Waarna verwys "die dinge" in versreël 14? (1)

16.12 Wat bedoel die spreker as hy sê: "... God tien hulle roep"? (Versreël 15) (1)

16.13 Hoekom, dink jy, is die taalgebruik in hierdie gedig Kaapse Afrikaans? (1)

16.14 Stem jy saam met die algemene idee oor digters wat in strofe 1 genoem word? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
**[17½]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com